

Vrydag 31 Mei

Skrifgedeelte: Josua 24	Fokusgedeelte: Josua 24:15 (1933/53-vertaling)
--------------------------------	---

Kies vandag opnuut om God te dien!

Israel moes vir of teen God kies! Die Woord van God vereis dat hulle drie dinge in ag neem:

a) *Wie is God?* God het hulle voorouers sedert die dae van Abraham uit die nag van afgodsdien uitgelei (vs 2). Ook uit die trauma van Egiptiese slawerny (vs 6), en deur die woestyn met sy gevare (vs 7-10). En Hy het hulle in die land van belofte ingelei deur die sewe sterk Kanaänitiese nasies te vernietig (vs 11-14).

b) *Wie is die afgode?* Hulle het goed geweet wat die gruwels van afgodsdien behels, want God se Woord het nie daarvoor geswyg nie, byvoorbeeld oor kinderverbranding (Lev. 18:21) en gesnede beelde (Eks. 20:3, 4). Hulle voorouers het dikwels afgode gedien. Dit was in hulle bloed!

c) *Wat is Josua se keuse?* Hulle moes in ag neem dat Josua, wat God oor hulle aangestel het, saam met sy huishouding reeds gekies het om die HERE te dien (vs 15)!

Elke mens wat tot sy verstand gekom het, moet elke dag keuse uitoefen. Gelowiges in wie se harte die Heilige Gees werk deur die Woord, oefen daaglikse geloofskeuse uit. Hierdie keuses bepaal 'n mens se lewe. Hulle wie se harte vermurwe is, kies om God lief te hê omdat God hulle eerste liefgehad het, op grond van die kruisverdienste van Christus (Ef. 1:3-6; 1 Joh. 4:19).

- Kies vandag, gedryf deur die Heilige Gees, opnuut vir God en sy Woord! Of kies jy, omdat die Heilige Gees jou verlaat het, teen God en teen sy Woord?
- Bou jou lewe op jou vaste geloofsbesluit: Omdat God my eerste liefgehad het – daarom: *Ek en my huis, ons sal die HERE dien!*

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. CJ Malan (Neels) (Bethulie)